# HOËRSKOOL STRAND

# DRANKBELEID

## 1. Basiese uitgangspunt

1.1 Die skool keur nie goed dat leerders, terwyl hulle nog op skool is, drank gebruik nie.

1.2 Die skool is betrokke by die ontwikkeling van die karakter en waardes van leerders en poog om toepaslike en aanvaarbare gedrag van leerders te ondersteun.

1.3 Die skool poog om die verantwoordelikheid met die ouers te deel vir die opvoeding van Hoërskool Strand se leerders met betrekking tot die aanvaarbare gebruik van alkohol deur volwassenes.

## 2. Wetlike aspek

2.1 Die Drankbeleid van die Hoërskool Strand is onderworpe aan die volgende wetgewing (sien Aanhangsel):

- Suid-Afrikaanse Skolewet (wet 84 van 1996) soos gewysig
- GK R1128 van 10 November 2006 Regulasie 4 (4) asook
- Wes Kaapse Drankwet, 4 van 2008 soos gewysig deur die Wes Kaapse Drankwysigingswet, 10 van 2010; geheel inwerking getree op 1/04/2012.

2.2 Die regulasies aangaande alkohol besit of gebruik bepaal dat :

*Geen opvoeder, ouer, leerder of enige ander persoon mag-*

- *alkohol;*

*gedurende enige skoolaktiwiteit in sy/haar besit hê of gebruik nie.*

Verder word ***skoolaktiwiteit*** omskryf as enige amptelike opvoedkundige, kulturele, ontspannings- of sosiale aktiwiteit van die skool op of buite die skool se perseel.

## 3. Beheerliggaambesluit

3.1 Die skoolgemeenskap van Hoërskool Strand het deur `n beheerliggaambesluit die volgende riglyne en beleid neergelê na oorweging van die tersaaklike wetgewing en met inagneming van die skool se taak as opvoedkundige instansie.

**In ooreenstemming met die nasionale onderwysbeleid en die toepaslike wetgewing is Hoërskool Strand ’n alkoholvrye omgewing, waar geen alkohol tydens enige skoolaktiwiteit toegelaat word nie.**

3.2 Hierdie verbod geld nie waar privaatpersone of instansies van die skool se geriewe gebruik maak nie. Die volgende riglyne geld in die verband:-

3.2.1 Wanneer daar beoog word om alkoholiese drank te verkoop tydens die privaatfunksie

(a) moet die organiseerder van die funksie vooraf om `n dranklisensie aansoek doen en die goedgekeurde lisensie voorlê en die nodige ondertekende vrywarings en aanspreeklikheidsdokumente minstens 5 skooldae voor die funksie by die skool inhandig

**asook**

(b) alle voorwaardes van die goedgekeurde dranklisensie streng nakom.

3.2.2 Waar dit voorsien word dat (eie of verskafte) alkoholiese drank gebruik gaan word tydens die privaatfunksie moet die organiseerder van die funksie minstens 5 skooldae voor die funksie vrywarings- en aanspreeklikheidsdokumente by die skool onderteken en inhandig.

3.2.3 Vrywarings- en aanspreeklikheidsdokumentasie behels dat:

3.2.3.1 die organiseerder die skool en of beheerliggaam vrywaar van enige aanspreeklikheid wat mag voortvloei uit die gebruik van die geriewe

en

3.2.3.2 dat die organiseerder of die persoon in beheer verder onderneem en sal toesien:

(a) dat geen skooleiendom beskadig of verlore sal raak nie.

(b) dat geen alkohol verder aan enige persoon verskaf sal word wat duidelik besope is nie.

(c) dat persone wat besope is, baklei of wanordelik optree onmiddellik van die perseel verwyder sal word.

(d) dat die organiseerder duidelike kennisgewings sal aanbring by die ingang van ’n beperkte gebied waar alkoholiese drank bedien word, sodat dit duidelik sal blyk dat geen leerder en geen kinders onder 18 jaar toegelaat word nie.

(e) dat die organiseerder volle finansiële aanspreeklikheid in die geval van enige skade en of verlies aanvaar indien dit gevind word wanneer die geriewe terug oorhandig word aan die skool.

(f) dat geen kinders onder die ouderdom van 18 jaar en enige skoolgaande leerders toegelaat sal word:

- om drank te koop, te ontvang of te gebruik nie
- binne die beperkte gebied waar drank bedien word nie, met die voorbehoud dat kinders onder 18 jaar of skoolgaande leerders wel tesame met hul voogde /ouers binne die beperkte

gebied mag wees indien daar drank bedien word aan persone wat maaltye nuttig by tafels binne die gebied.

- om in diens te wees waar drank verkoop word nie.
- indien daar twyfel bestaan oor die ouderdom van `n persoon wat drank wil aanskaf, daar aangedring sal word op `n wettige vorm van identifikasie (identiteitsboekie of bestuurslisensie).

Hoërskool Strand erken dat opvoeders 'n belangrike rol kan speel in die voorkoming van alkoholgebruik deur leerders, en beoog om deur middel van sy personeel 'n omgewing te kweek waar leerders die gevare van onverantwoordelike alkoholgebruik sal verstaan.

Enige wysiging of verandering aan die beleid moet skriftelik geskied en goedgekeur word deur die Beheerliggaam van Hoërskool Strand.

GETEKEN TE ……**Strand**……OP ………………………………………2016.

____________________________ _________________________

VOORSITTER SKOOLHOOF